higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 2

(3011022)

20 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

298Q1N2420

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
EKONOMIESE OMGEWING
NKR VLAK 2
TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 … is nie 'n funksie van geld nie.

A Geld wat gebruik word om waarde te stoor
B Geld wat gebruik word as maatstaf vir jou vaardigheidsvlak
C Geld wat as waardemaatstaf gebruik word
D Geld wat gebruik word as standaard vir uitgestelde betaling

1.1.2 'n Onderneming in die formele sektor is 'n onderneming wat …

A geskoolde mense in diens.
B geregistreer is en belasting betaal.
C nie kinders onder 16 jaar in diens neem nie.
D 24 uur oop is.

1.1.3 Die departement … is 'n voorbeeld van maatskaplike dienste.

A Korrektiewe Dienste
B Justisie
C Polisiediens
D Onderwys

1.1.4 … word gedefinieer as die onvermoë om basiese behoeftes te bekostig.

A Misdaad
B Die Derde Wêreld
C Armoede
D Landelike ontwikkeling

1.1.5 Wanneer goedere geneem word na waar dit verkoop sal word, word ...-waarde geskep.

A tyd
B vorm
C plek
D besit

1.1.6 Die invloei van kapitaal na Suid-Afrika word voorgestel deur transaksie ...

A Mnr. Jones het 'n dieselwaterpomp by 'n Duitse maatskappy gekoop.
B 'n Welgestelde Suid-Afrikaner het aandele van 'n Japanse mark gekoop.
C Baie vragskepe verlaat Suid-Afrikaanse hawens met VW- en Mercedes Benz-motors.
D Suid-Afrikaners stel al hoe meer daarin belang om in Swaziland te toer.

1.1.7 Die droë winter het die meeste koringprodusente geraak. Dit sal ... veroorsaak.

A hoë winste in die verkoop van koring
B 'n styging in die prys van koring
C 'n toename in die uitvoer van koring
D 'n daling in die prys van koring

1.1.8 Die produktiwiteit en winsgewendheid van 'n onderneming sal negatief beïnvloed word deur ...

A die gebruik van masjiene.
B die swak gesondheid van werkers.
C werkers wat hoogs opgelei is.
D die indiensneming van jeugdiges.

1.1.9 Wanneer staatsbesteding meer is as staatsinkomste, is daar 'n begrotings-…

A toespraak.
B surplus.
C hersiening.
D tekort.

1.1.10 Pick 'n Pay het nie beheer oor ... nie.

A die prys van produkte
B inflasie
C hul werknemers
D die hoeveelheid goedere wat hulle produseer

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Finansiële rekening	A	toename in arbeidskoste
1.2.2	Geleentheidskoste	B	gekwalifiseerde mense kan nie werk kry nie
1.2.3	Rentekoers	C	binnelandse produsente word beskerm teen buitelandse mededinging
1.2.4	Aanvulling	D	banke en bemarkingsfirmas is 'n belangrike bate vir enige land
1.2.5	Globalisering	E	die koste van 'n voordeel wat prysgegee word ter wille van die naasbeste alternatief
1.2.6	Werkloosheid	F	'n produk wat saam met 'n ander produk gebruik word
1.2.7	Piek	G	om 'n punt van versadiging in ons behoeftes en begeertes te bereik
1.2.8	Proteksionisme	H	nuuswaardige mense
1.2.9	Koste-inflasie	I	besigheid funksioneer in 'n internasionale mark
1.2.10	Tersiêre sektor	J	die koste van krediet
		K	teken kapitaalin- en uitvloei aan

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1– 1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Die aanbod van natuurlike hulpbronne is vas, maar die gehalte van sommige kan verbeter.

1.3.2 Die gebruik van sonenergie word gekategoriseer as sekondêre sektor.

1.3.3 Ons verkoop goedere aan die internasionale mark om binnelandse valuta te verdien.

1.3.4 Suid-Afrika het volle beheer oor sy internasionale handelsvennote.

1.3.5 Proteksionisme beteken vrye handel.

1.3.6 Besighede is verlig as die laagtepunt uiteindelik bereik is.

1.3.7 Die wisselkoers is 'n veranderlike wat vasgestel kan word.

1.3.8 Regstellende aksie is een van die beleide van SEB.

1.3.9 Hoë misdaadvlakke het 'n positiewe impak op buitelandse beleggings.

1.3.10 Netwerking vir besigheidsdoeleindes hoef nie formeel te wees nie.

(10 × 1) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Die tabel hier onder toon die verskillende hoeveelhede wat deur verskillende verskaffers gelewer is. Bereken die markaanbod op elke prysvlak en skryf slegs die antwoord langs die letter (A–E) in die ANTWOORDBOEK neer.

Prys	Firma A	Firma B	Firma C	Markaanbod
R10	30	40	50	(A)
R20	35	43	55	(B)
R30	38	52	60	(C)
R40	50	56	64	(D)
R50	55	60	68	(E)

(5)

2.2 2.2.1 Noem DRIE faktore wat die aanbod/verskaffing van 'n produk beïnvloed. (3)

2.2.2 Wat word bedoel met die *wet van vraag en aanbod*? (2)

2.3 Verduidelik kortliks hoe 'n onderneming negatief deur MIV/VIGS geraak kan word. (4 × 2) (8)

2.4 Waarom is dit belangrik om taal- en kultuurverskille in ag te neem wanneer jy 'n uitvoermark kies? (3 × 2) (6)

2.5 Verduidelik hoe huishoudings beïnvloed sal word deur 'n styging in die petrolprys. (6)

[30]

VRAAG 3

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

MYNERS BESOEDEL WATER IN MPUMALANGA



Volgens die Sentrum vir Omgewingsregte besoedel Suid-Afrikaanse steenkoolmyne wat deur Glencore, South 32 en Anglo American bedryf word dele van Mpumalanga omdat hulle nie voldoen aan die vereistes van hul waterlisensies nie.

[Bron: *Business Insider SA*,4 July 2019]

3.1 Noem DRIE mynmaatskappye wat verantwoordelik is vir waterbesoedeling in Mpumalanga. (3)

3.2 Noem DRIE vorme van besoedeling. (3)

3.3 Verduidelik kortliks DRIE gevolge van waterbesoedeling vir die gemeenskappe van Mpumalanga. (3 × 2) (6)

3.4 Noem TWEE voordele van steenkoolmynbou vir die mense van Mpumalanga. (2 × 2) (4)

3.5 Watter TWEE Suid-Afrikaanse maatskappye is grootliks afhanklik van steenkoolmynbou vir hul produkte. (2)

3.6 As jy die hoë werkloosheidskoers in Suid-Afrika in ag neem, stel voor hoe ondernemings vir besoedeling gestraf kan word. (2 × 2) (4)

3.7 Verduidelik hoe die wisselkoers die besluit om in te voer kan beïnvloed. (4)

3.8 Wat is die voordele van uitvoerbemarking en beleggingshulp? (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 4

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

SA SE NUWE ADJUNKMINISTER VAN FINANSIES IS REG: RENTEKOERSE MOET LAER WEES

Suid-Afrika se nuwe adjunkminister van finansies, David Masondo, meen rentekoerse moes maande gelede verlaag gewees het.

Masondo het aan *Business Day* gesê die hewige debat in die ANC oor die onafhanklikheid van die Suid-Afrikaanse Reserwebank is misleidend. Die eintlike kwessie is of rentekoerse die afgelope paar maande op die regte vlak vasgestel is.

[Bron: *Business Insider SA,* 4 July 2019]

4.1 Wie bepaal die rentekoers in Suid Afrika? (1)

4.2 Verduidelik kortliks wat dit vir huishoudings beteken as die rentekoers verlaag word. (3 × 2) (6)

4.3 Wat is die verskil tussen *primakoers, rentekoers* en *repokoers*? (6)

4.4 Mevrou Bernard het 'n lening van R30 000 van ABC bank ontvang teen 15% rente vir drie jaar.

Bereken die totale rente wat sy oor die drie jaar sal betaal. (4)

4.5 Verduidelik hoe uitvoere 'n land se ekonomie bevoordeel. (6)

4.6 Noem DRIE redes vir internasionale handel. (3)

4.7 Onderskei tussen *vraaginflasie ('demand-pull inflation')* en *koste-inflasie ('cost-push inflation).* (4)

[30]

VRAAG 5

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

BESLISSENDE KRAGMETING
IN SUID-AFRIKA SE BANKWESE



Daar is 'n beslissende kragmeting in die bankwese, sê Christoph Nieuwoudt, uitvoerende hoof van FNB verantwoordelik vir verbruikers. Die stryd betrek ook spelers buite die banke.

Nieuwoudt het opgemerk dat tegnologie steeds teen 'n vinnige tempo ontwikkel, maar daar is 'n perke aan verwerkings- en berekeningsvermoë – wat tegnologie in verskillende rigtings dryf.

[Bron: *www. Businesstech.co.za,* 11 September 2019]

5.1	Verduidelik die term *tegnologie.*		(2)
5.2	Noem DRIE voorbeelde van rekenaartegnologie.		(3)
5.3	Watter positiewe uitwerking het tegnologie op besighede?	(3 × 2)	(6)
5.4	Watter impak het tegnologie op werknemers in die banksektor?	(2 × 2)	(4)
5.5	Verduidelik kortliks die doel van die Wet op Arbeidsverhoudinge.		(3)
5.6	Noem VYF kenmerke van arbeid.		(5)
5.7	Teken en benoem die VIER fases van die konjunktuur ('trade cycle') duidelik.		(7)
			[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou